# *Is bloed dikker as water?*

**INLEIDING**

Die uitdrukking *“bloed is dikker as water”* word dikwels gebruik om te sê dat familiebande belangriker is as enige ander verhouding. Maar die vraag is: Is dit Bybels korrek? Wat sê God se Woord oor familie, geloof en verbintenis? Kan dit waar wees, is bloed dikker as water?

Volgens die gesegde sou mens aanvaar dit is ’n feit, wetenskaplik gesproke is dit mos nou maar wel so, maar kyk dan maar net hoe families en gesinslede mekaar deesdae hanteer en dit bring jou tot kommerwekkende insigte en wek twyfel.

**HISTORIESE OORSPRONG & ONTWIKKELING**

1. **Die oudste bekende vorm — Middel-Hoogduits (12de–13de eeu)**

   Die vroegste bekende opgetekende vorm van hierdie gesegde kom voor in ’n Middeleeuse dierverhaal met simboliese betekenis *Reinhart Fuchs*. (Raynard die Vos). ’n 13de-eeuse manuskrip uit Heidelberg bevat die volgende sin: *“ouch hoer ich sagen, das sippe blůt von wazzere niht verdirbet”* ’n Benaderde vertaling daarvan is: *“Ek hoor ook dat bloedverwantskap nie deur water bederf word nie.”* Dit word algemeen aanvaar as die oudste gedokumenteerde weergawe van die gedagte agter die gesegde. Die bekende taalkundige Jacob Grimm het later hieroor geskryf en voorgestel dat dit moontlik verwys na bloedverwantskap wat sterker bly as water (byvoorbeeld doopwater).

2. **Vroeë Engelse verwysings (15de eeu)**

   Die idee verskyn vroeg in Engelse literatuur. John Lydgate (vroeg 1400’s) skryf in sy *Troy Book*: *“For naturelly blod wil ay of kynde / Draw unto blod…”* Dit beteken in wese: *bloed trek altyd na bloed* — ’n duidelike bevestiging van die beginsel dat familieband sterker is as ander bande.

3. **Die moderne formulering (17de–19de eeu)**

   Teen die 17de eeu begin variasies van die frase meer gereeld in Engelse geskrifte voorkom, veral in preke en literatuur. Teen die 18de en 19de eeu word die verkorte vorm “blood is thicker than water” algemeen gebruik en verstaan as: Familieband is sterker en meer bindend as ander verhoudings. Hierdie betekenis het sedertdien die standaard-idiomatiese betekenis in Engels (en later ook in Afrikaans) geword.

4. **Die “bloed van die verbond”-weergawe — waar kom dit vandaan?**

   ’n Baie gewilde moderne bewering sê dat die *oorspronklike* gesegde eintlik was: “The blood of the covenant is thicker than the water of the womb.” Volgens hierdie uitleg sou die gesegde beteken dat verhoudings wat deur keuse en verbond gevorm word (bv. vriendskap, geloofsverbintenisse) sterker is as biologiese familiebande. Die probleem is dat daar geen Middeleeuse, Bybelse of klassieke bron is wat hierdie formulering bevat nie. Die idee van “bloedverbond” is wel bespreek in 19de-eeuse studies oor antieke gebruike (bv H. Clay Trumbull se werk), maar dit beteken nie dat dit die oorspronklike gesegde was nie. Hierdie weergawe is waarskynlik ’n latere teologiese of simboliese herinterpretasie, nie die historiese oorsprong nie. Met ander woorde: dit is ’n interessante moderne uitleg, maar nie histories bewysbaar as die oorspronklike betekenis nie.

5. **Wat sê taalkundiges en historici?**

   Die oorspronklike Middeleeuse betekenis is dat bloedverwantskap (familie, stam, clan) is sterker en blywend, selfs wanneer “water” (bv. doop, afstand, of omstandighede) dit probeer verdun. Moderne algemene betekenis is dat familie eerste kom want familieband is sterker as ander verhoudings. Die teenoorgestelde “oorspronklike betekenis” -mite is populêr, aantreklik en dikwels herhaal, maar word nie deur vroeë bronne ondersteun nie.

Daarom kan ons sê die gesegde is oud en dateer minstens uit die 12de–13de eeu. Dit het histories altyd verwys na die krag van bloedverwantskap. Die bekende "bloed van die verbond"-weergawe is 'n latere interpretasie, nie die oorspronklike gesegde nie.

## JESUS KYK ANDERS NA FAMILIE

Matt 12:46–50 – *"**Die familie van Jesus**. 46 EN terwyl Hy nog met die skare spreek, staan sy moeder en broers daarbuite en wou graag met Hom praat. 47 Toe sê iemand vir Hom: Dáár staan u moeder en u broers buite en wil graag met U praat. 48 Maar Hy antwoord en sê vir die een wat Hom dit vertel het: Wie is my moeder? En wie is my broers? 49 En Hy steek sy hand oor sy dissipels uit en sê: Dáár is my moeder en my broers. 50 Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en suster en moeder."* Jesus verwerp nie Sy familie nie, maar Hy herdefinieer wat ware familie is. Ware familie is nie net dié wat jou bloed deel nie, maar dié wat God se wil doen.

## DIE BLOED VAN CHRISTUS – DIE STERKSTE VERBINTENIS

Die Bybel wys duidelik dat bloedverwantskap nie outomaties geestelike eenheid beteken nie. Joh 1:12-13 - *"12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; 13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is."* Jy word nie 'n kind van God omdat jy uit 'n sekere familie kom nie, maar omdat jy in Christus wedergebore is.

Die kern van ons geloof lê in die bloed van Jesus. Heb 9:14 – *"hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om* die lewende God te dien."

1 Pet 1:18–19 – *"18 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie 19 maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,"* Dit is Christus se bloed wat ons aan God en aan mekaar bind — sterker as enige biologiese band.

In Christus word ons deel van 'n geestelike huisgesin. Efes 2:19 – "*So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,"* Hier is mense wat: saam bid saam dra saam glo saam seer kry. Hierdie bande word gesmee deur geloof, nie deur bloed nie.

Jesus sê in Matt 10:37 – *"Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie."* Dit beteken dat ons nie onreg mag goedpraat omdat dit "familie" is nie Ons mag nie die waarheid stilmaak om vrede te bewaar nie en ons mag nie God tweede stel om mense tevrede te hou nie. God se waarheid is altyd dikker as bloed.

Vir gelowiges het God hierdie gesegde ware betekenis gegee. Christus het dit kom personifiseer. Jesus sê in Mark 14:24 *"En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word."* Water was skoon en gee lewe. Jesus se bloed het ons sondes skoon gewas. Christus se bloed gee die Ewige Lewe. Bloed is dikker as water.

## PRAKTIESE TOEPASSING

Ja, die Bybel leer ons om ons families lief te hê: 1 Tim 5:8 – *"Maar iemand wat vir sy eie mense, en veral sy huisgenote, nie sorg nie, het die geloof verloën en is slegter as 'n ongelowige."* ons moet vir ons huishouding sorg.

Efes 6:2 – *"Eer jou vader en jou moeder — dit is die eerste gebod met 'n belofte —"* Maar as familie jou wegtrek van God en as bloed sterker word as waarheid, dan kies die gelowige Christus bo alles.

Lukas 14:26 – *"As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie."* beteken nie letterlike haat nie, maar dat Christus eerste kom.

## ’N LEWE-VRAAG WAT DIE GESEGDE UITDAAG

Baie van ons het al gewonder oor die gesegde “bloed is dikker as water”, veral wanneer die lewe dit uitdaag. Dink aan hierdie werklikheid:

’n Man maak vir 21 jaar ’n kind groot. Hy gee liefde, tyd, beskerming, dissipline, opoffering. Hy glo die kind is sy eie, want dit is wat vir hom gesê is. En dan, ná 21 jaar, kom die waarheid dat die kind nie syne is nie.

Biologiese bloed ontbreek, die band is “op papier” verbreek, maar die vraag bly: Was daardie 21 jaar van liefde dan ’n leuen? Is bloed regtig wat ’n vader maak? As bloed alleen ’n vader sou maak, dan sou biologie genoeg wees. Maar die Bybel sê iets anders: - Ps 27:10 – *“Want my vader en my moeder het my verlaat, maar die Here sal my aanneem.”*

Hier sien ons iets belangrik. Vaderskap is nie net voortplanting nie, dit is verbintenis. Liefde wat kies, nie bloed wat bind nie.

Kom ons vra die moeilike vraag. As hy van die begin af geweet het die kind is nie syne nie, sou hy dieselfde liefgehad het? Die eerlike antwoord is dat party mense sou wegstap en ander sou bly.

Dit openbaar iets diep, dat ware liefde word nie deur bloed afgedwing nie — dit word gekies. God se vaderskap as hoogste voorbeeld. Ons almal is “nie-bloed kinders” van God. Rom 8:15 – *“Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!”*

God het geweet ons is nie natuurlik Syne nie, ons het Hom nie verdien nie en ons is gebroke, hardkoppig, soms ondankbaar. En tog het Hy gekies om ons kinders te noem, nie omdat bloed Hom gedwing het nie, maar omdat liefde Hom beweeg het.

Dieper waarheid is dat bloed skep nie liefde nie, liefde gee betekenis aan bloed. Bloed kan ’n verband skep, maar liefde skep ’n verhouding. Bloed kan ’n naam gee, maar liefde gee identiteit. Bloed kan ’n begin gee, maar liefde dra deur tot die einde.

Die kruis herskryf die spreekwoord. By die kruis sien ons ’n Vader wat kinders aanneem wat nie Syne was nie, ’n Seun wat sterf vir mense wat Hom nie herken het nie en ’n Bloed wat vloei, nie om te skei nie, maar om in te sluit. En skielik word die gesegde herskryf wat sê bloed is dikker as water, maar liefde is sterker as bloed.

Nou kan ons sê dat die man wat daardie kind grootgemaak het, het dalk nie biologiese bloed gedeel nie, maar hy het iets gedeel wat veel dieper loop, sy teenwoordigheid, opoffering en onvoorwaardelike liefde. En dit, is presies hoe God ons Vader geword het.”

## SLOT

As ek die gesegde reg verstaan het die hele kwessie van bloed is dikker as water eintlik niks te doen met familie nie, of wat dink jy? Dink jy dat bloed werklik dikker as water is? Het jy al ooit regtig hulp nodig gehad en was jou familie die enigste mense wat bereid was om jou te ondersteun? Of het familielede jou dalk in die steek gelaat, terwyl jou vriende jou bygestaan het?

Uiteindelik dink ek dit gaan nie oor bloed of water nie. Dit gaan oor waar jy jou tyd en energie belê en waar jy sterk bande vorm. As jy diep belê in verhoudings met jou familie, sal jy moontlik met die gesegde saamstem. Maar as jy tyd en moeite insit om sterk bande met jou vriende te bou, dalk nie.

Ons bou nie verhoudings op bloed of water nie. Verhoudings word gebou op vertroue, tyd, energie, opoffering en wedersydse respek. Wanneer alles op die spel is, sal die sterkste bande standhou.

## PAAR AANHALINGS WAT MY AANDAG GETREK HET

Die mense wat ons kies om lief te hê, te vertrou en tyd saam deur te bring, kan dieper bande skep as dié wat ons deur genetika deel.

- “Blood is thicker than water, but loyalty is thicker than blood.” — Unknown
- “Family is the compass that guides us; a place where our feet may leave, but not our hearts.” — Oliver Wendell Holmes
- “The tie that links family is not one of blood, but of respect and joy in each other’s life.” — Richard Bach

- “Blood is thicker than water, but love is thicker than both.” — Ivan Panin
- “Blood is thicker than water. That’s what they say. But in truth, most things are.” — Libba Bray
- “Blood is thicker than water…Your car’s engine oil is even thicker. Cherish your car more than family.” — Unknown
- “Blood is thicker than water, as they say, and money is thicker than blood. Interpret that however you like.” — Richard L. Sanders
- “Blood is thicker than water, but maple syrup is thicker than blood, so technically pancakes are more important than family.” — Unknown
- “Blood is thicker than water but some family be faker than friends.” — Unknown
- “Blood is thicker than water… But family can stab you in the back too.” — Unknown
- “Blood may be thicker than water, but family has them both beat.” — Walter Mosley
- “Blood is thicker than water, but it can still be contaminated.” — Matshona Dhliwayo
- “Jealousy is an ugly trait, and sometimes blood ain’t no thicker than water.” — Reds Johnson
- “Blood might be thicker than water, but love was the most powerful magic of all.” — Lucy Connors
- “If blood is thicker than water, then menstruation is thicker than brotherhood.” — Sandra Cisneros
- “Sometimes blood isn’t thicker than water, and family will cross you quicker than strangers.” — Unknown
- “Blood may be thicker than water, but it is still sticky, unpleasant and generally nauseating.” — Janeane Garofalo
- “Choosing your family over your partner or vice versa can be one of the toughest challenges you face in life.” — Unknown

**BIBLIOGRAFIE**


1. https://noordwyk.sagemeente.com/Articles/475540/Noordwyk/Birmingham/Meer_Oor_Ons/Pitkos_vir_die_week/Bloed_is_dikker_as.aspx - Andre 07841029307
2. SêNet - Opinie maak saak - Elke huis het Sy kruis https://senetopinie.co.za/
3. toorpdseSn2e800f941il9cua7m72 26m9t8014n80t410ufuhc 3uf,Jf21
4. Matthew W Maslen Piers D Mitchell: Medical theories on the cause of death in crucifixion. Journal Royal Society of Medicine. 2006;99:185-188
5. William D. Edwards, MD; Wesley J. Gabel, MDiv; Floyd E. Hosmer: On the Physical Death of Jesus Christ. Journal of the American Medical Association 225:1455 – 1463)
6. Dr Coen Slabber
7. Danielle Dahl Writer, Ph.D Candidate and Inspirational quote curator
8. https://www.bybelkennis.co.za/kruisiging-die-oorsaak-van-dood-4/
9. https://warechristene.blogspot.com/2018/12/bloed.html
10. (http://eindtydonderwerpe.blogspot.com/2017/06/wanneer-is-die-einde-van-die-wereld-en.html).


*Nagevors en opgestel deur Salóme Strydom Desember 2025*